

## Bella Vista Primêr



Bella Vista Primêre skool het sy deure op 17 Januarie 1989 geopen. Die bevolkings-ontploffing sedert 1980 het die Administrasie van Kleurling Sake gedwing om die behoefte van 'n tweede skool in Bella Vista aan te spreek. Hierdie behoefte is in 1985 aangespreek en die bouwerk aan die tweede skool het in 1987 begin en November 1988 voltooi.



*Lugfoto van Bella Vista Primêr na aanbou*


### PERSONEEL VAN 1989



*Eerste Personeel na skool gestig is*

AGTER : J.L. Philander, J.J. Riddels, E.A. Lintmaer, A.E. van der Merwe, H.A. Brown,  
MIDDEL: A.P. Manus, D.C. Jansen, I.M. Farmer, M. Carolus, W.J. van der Winter, N.H. Wessels, S.E. Hanse, S.H. McPherson.  
VOOR : J.U. Jacobs, J.R. Philander, A.M. Philander (Dept. Hoof), S.J. Swartz (Adj. Hoof), E.S. Reid (Prinsipaal),  
L.A. Juries, E. Flemmit, G.E. Farao.

Opvoeders van Ceres en omgewing het die opsie gehad om vrywillig deel van die personeel te raak. Die Departement van Onderwys het 'n afgetrede skoolhoof, Mnr. Eddie Reid gevra om die skool in 1989 te open. Leerders van Graad 1 (Sub A) tot graad 8 (st.6) het toelating tot die skool verkry.



*Mnr Eddie Reid*



*Mnr Charles Brown*

Meneer Charles Brown is in November 1989 as die eerste permanente skoolhoof aangestel met ingang 1 Januarie 1990. Die skool het vinnig gegroei en gou met die voorste skole in die omgewing begin meeding, op akademiese-, kultuur- en sportgebied.

*Henry Brown*



Op 1 Januarie 2014 vervang Meneer Henry Brown Mnr. Charles Brown, wat aftree na 23jr. as skoolhoof by Bella Vista. Henry, 'n sportliefhebber en finansiële ghoeroe, bou die skool verder op en die skool bereik goeie Litnum-uitslae onder sy leiding. Onder sy leiding lewer die skool groot getalle provinsiale sportsterre op. In 2019 verlaat Meneer Henry Brown die diens na 30jr by Bella Vista Primêr.





*Cerom projek, 1998*



*Cerom Projek, 1997*



*Trompoppies, 1998*

### *Skoollied*

*Aan ons skool wy ons, ons beste ons talente en ons krag  
 Dis ons strewwe slegs ons beste elke oomblik, elke dag  
 Ons is toegewyd en eerlik en ons almal ken ons plig  
 Ons werk hard vir elk oorwinning en ons glo: Kennis Verlig*

*Bella Vista, Bella Vista  
 Dis ons trots, ons roem, ons naam  
 Aan jou sal ons altyd trou bly,  
 want ons bou ons toekoms saam.*

*Smaak ons eendag die oorwinning en behaal ons die sukses  
 Sal weet dit is die vrugte van ons werk, van elke les  
 Dan sal ons met vreugde t'rugdink want ons het dit hier geleer  
 Al die mooi en goeie gawes kom van Hom, ons God en Heer.*

*(Woorde en Lirieke deur E.W. Leukes & G.J. Koopman)*

Die skool word tans (2022) bedien deur 36 personeellede, wat daaglik opdaag om die leerders van Bella Vista en omliggende plase, voor te berei om positiewe inwoners en landsburgers van Suid-Afrika te word.

